

JAARVERSLAG 2026

Geagte Ouers/Voogde

1. INLEIDING

Dit is vir my 'n besondere voorreg om die 2026-jaarverslag van Langenhoven Gimnasium met u te deel. Wanneer ons terugkyk oor die jaar, is daar soveel waarvoor ons as Gimmie-gemeenskap dankbaar kan wees. 2026 was 'n jaar van groei, uitdagings, geleenthede en besondere prestasies – 'n jaar waarin ons weereens kon ervaar wat moontlik is wanneer ons as 'n gemeenskap saamstaan en dieselfde doel nastreef.

Ons leerders het vanjaar op akademiese, sport- en kultuurgebied hul talente, deursettingsvermoë en potensiaal ten toon gestel. Agter elke prestasie lê egter ure se harde werk, opoffering, ondersteuning en aanmoediging. Dit is juis hierdie ingesteldheid van uitnemendheid en volharding wat ons as Langenhoven Gimnasium wil koester – om elke leerder te help om nie net sy of haar beste te bereik nie, maar ook om as mens te groei.

Die sukses van 'n skool word egter nie slegs aan prestasies en toekennings gemeet nie. Dit word ook gevind in die waardes wat ons uitleef, die verhoudings wat ons bou en die manier waarop ons na mekaar omsien. Ek is trots op die gees van behoort, respek, diensbaarheid en trots wat steeds so kenmerkend van ons Gimmie-familie is.

'n Hartlike woord van dank aan ons toegewyde personeel vir hul onvermoeide werk, professionaliteit en bereidwilligheid om telkens die ekstra myl vir ons leerders te stap. Aan ons ouers en voogde: dankie vir u vertroue, ondersteuning en betrokkenheid. Die vennootskap tussen die skool en ons ouerhuis bly onmisbaar in die ontwikkeling van ons jongmense. En aan ons leerders: dankie vir die energie, karakter en gees waarmee julle Langenhoven Gimnasium elke dag verteenwoordig.

Aan elke persoon wat in 2026 op enige manier 'n bydrae tot die groei en ontwikkeling van Langenhoven Gimnasium gelewer het – baie dankie. Ons kan met trots terugkyk, maar ons moet ook met opgewondenheid vorentoe kyk.

Mag ons in 2027 voortgaan om met dieselfde ywer, passie en toewyding aan te pak wat voor ons lê. Laat ons steeds saam droom, saam werk, saam groei en saam bou aan 'n skool waarop elke Gimmie trots kan wees. Die beste van Langenhoven Gimnasium lê nie agter ons nie; dit lê in wat ons saam vorentoe gaan bou.

2. MEEGEVOEL

Met diepe medelye dink ons aan ons kollegas en leerders wat vanjaar geliefdes aan die dood moes afstaan. Ons gebed is dat julle in hierdie moeilike tyd die vertroostende teenwoordigheid en liefde van ons Here op 'n besondere manier sal ervaar. Mag Sy seën, krag en vrede julle dra en bemoedig in die dae wat voorlê.

3. PERSONEELSAKE

Vanjaar het ons die voorreg gehad om nuwe onderwysers in ons akademiese span te verwelkom. Me. Hayward, Rheerder het albei by die Tale-departement aangesluit en me. Rabe en mnr Olivier in die Wiskunde departement, mej. Steyn het ingeskakel by Toerisme. Ons is opreg dankbaar dat hulle deel van die Gim-familie geword het en glo dat hul entoesiasme, kundigheid en liefde vir onderwys 'n groot bydrae tot ons leerders en die breër skoolgemeenskap sal maak. Ons hoop hulle voel gou tuis in ons Gim-huis en weet dat hulle 'n kosbare deel van ons span is.

4. PERSONEEL

Die leerdertal word deur die Departement gebruik om die aantal personeel aan die skool verbonde te bepaal. Die huidige leerdertal beloop 771.

Departementele aanstellings:

Onderwyspersoneel	17
Administratief	1
Terreindienswerkers	4

Beheerliggaam-aanstellings:

Onderwyspersoneel	19
Administratief	4
Terreindienswerkers	3

4.1 SKOOLBESTUURSPAN

Skoolhoof: Mnr. C Snyman

Adjunkhoof: Me. A Knoetze

Departementshoofde: Mev. A Knoetze, Mnr. V Eloff en Mnr. G Loots

4.2 ONDERWYSPERSONEEL (Departementeel)

Mnr. Q Bester	Mnr. G Loots
Me. R Beukes	Me. E Niehaus
Me. S Botha	Mnr. M Pienaar
Me. R de Villiers	Me. E van Blerk
Me. R Engelbrecht	Me. H Pretorius
Mnr. B Janse van Rensburg	Mnr. DP Roets
Mnr. L Janse van Rensburg	Mnr. M Stoop
	Me. S Stemmet

4.3 ONDERWYSPERSONEEL (Beheerliggaam)

Me. C de Jager	Me. J Odendaal
Me. L Rheeder	Me. A van Eck
Me. E Campbell	Me. E Strauss
Me. L de Kock	Mnr. M Botha
Me. C. Hayward	
Mnr. C Stronach	Me. C Janse van Rensburg
Me. L Rabe	Me. J Steyn
Me. A Janse van Rensburg	Me. Serdyn
Mnr. G de Bruin	
Mnr. J Olivier	
Mnr. D Bornmann	

4.4 ADMINISTRATIEWE PERSONEEL

Me. S Laubscher - Finansies
Me. A van Wyk - Sekretarieel
Me. R Venancio - Sekretarieel
Me. J Ellis - Sekretarieel
Me. A Pepper - Algemeen
Mnr. S Grobbelaar - Sportkondisioneerder
Mnr. D Bornmann - Sportorganiseerder

4.5 GEBOUE EN TERREIN

Terreinbestuurder: Mnr. W Hayward
Koördineerder – Mnr. H van den Bergh
Algemene assistente:

Mnr. W Booysen	Me. J Swartz
Mnr. A Isaks	Mnr. A Tarentaal
Mnr. J Oktober	Mnr. J van Vuuren
Mnr. J Stefaans	

4.6 KOSHUISPERSONEEL

Ons koshuisleerlinge is baie bevoorreg om koshuisouers in al drie koshuise te hê wat omgee en 'n huislike atmosfeer skep. Baie dankie aan mnr. en mev. Janse van Rensburg, Niehaus en Van Rooyen vir julle groot aandeel.

Diensdoenende personeel:

Songoud:

Mnr. V Eloff
Mnr. M Stoop
Mnr. DP Roets
Mnr. L Janse van Rensburg

Aristo:

Me. C van Rensburg
Me. R Beukes
Me. A Knoetze
Me. R de Villiers
Me. A van Eck

Huishoudingtoesighouers:

Me. S van Rooyen
Mnr. J Swart
Me. LM van den Bergh

Huishoudingshulpe:**Aristo/Songoud**

Me. EL Pretorius
Me M Ekstraal
Me. M Goliath
Me. T Hendricks
Me. R Manuel
Mnr. A Piedt
Me. S Manuel

Feedem

Mnr. J Windvogel
Me. L Botes
Me. C Coetzee
Mnr. C Coltman
Me. E Botha
Me. L Hendricks
Mnr. M Lesele
Me. E Arries
Me. L Smuts
Me K Mei
Me J Swartz

5. SKOOLBEHEERLIGGAAM

Die volgende persone dien tans op die skool se beheerliggaam:

Mnr. J Delport - Voorsitter
Mnr. A de Wet - Ondervoorsitter en Bemarking
Mnr. G Kuyler - Tesourier
Mnr. J. Louwrens - Dissiplinêre komitee
Mnr. C de Waal - Sport
Mnr. H Stegmann - Infrastruktuur
Me. A Knoetze - Sekretaresse
Mnr. C Snyman - Skoolhoof
Me. A Potgieter - Koshuis
Me. S. Laubscher - Nie-opvoeder
Lana Delport - VRL-voorsitter
Kevin Kennedy - VRL-ondervoorsitter

Ons skool kan met groot trots sê dat ons beheerliggaam die belange van die skool, ons leerlinge, ouers en die gemeenskap op die hart dra. Die uitstekende beheer wat toegepas word, rig die skool vir vooruitgang. Verandering is 'n gegewe en nuwe uitdagings word doelgerig en met groot omsigtigheid hanteer. Baie dankie aan 'n beheerliggaam wat met baie groot ywer en entoesiasme in belang van ons skool optree.

6. LEERDERLEIERS

Die VRL en matriekraad van 2026 het goeie werk verrig onder die leiding van die hoofleiers, Lana Delport en Kevin Kennedy.

6.1 VERTEENWOORDIGENDE RAAD VAN LEERDERS VIR 2027

Graad 9: Celia Schoeman, Karlize Saayman, Acelino Beukes

Graad 10: Gizelle Roeloffze, Bea Terblanche, Barry Fourie

Graad 11: Dahné Potgieter, Carl Jonker, Daniël Theunissen

Graad 12: Kara Janse van Rensburg, Andrea van der Linde, Zuriel Buys

6.2 MATRIEKRAAD 2027

Die matriekraad bestaan uit gr.12-leerders 2027 en werk saam met die VRL:

Rune Booyesen

Divan Botha

Gena Claassen

Cobus Esterhuyse

Enyah Cremer

Ruben Hendriks

Sadie Fenthum

Marco Huyzers

Jean-Mari Germann

Wernig Oberholster

Caitlin Hufke

Dian Potgieter

Ricolle Reinach

Johannes Scholtz

Ilze Stegmann

Anke van Rensburg

Amy Whittam

6.3 LEIERSOPLEIDING

Die leierskapopleiding vir die VRL, matriekraad en koshuisleiers het die naweek van 4-5 September by Celebratio naby Calitzdorp plaasgevind. Mnr. Loots het weer eens 'n baie verrykende kamp aangebied, wat die leiers baie geniet het. Die leerders het deur middel van speletjies en lesings baie oor leierskap, spanwerk, hulself en ander geleer.

6.4 KOSHUISLEIERS 2027

Die koshuisleiers word deur die koshuisleerders gekies.

ARISTO

Caitlyn Cawood

Jean-Mari Germann

Loren Julies

Ankia Marais

Zanel Smit

Bella-Mae Strydom

Chloé van Emmenis

Eva Zaayman

SONGOUD

Divan Botha

Cobus Esterhuyse

Marco Huyzers

Wernig Oberholster

Dian Potgieter

Bern Viljoen

7. AKADEMIE

7.1 MATRIEKUITSLAE 20226

Ons matrieks het uitstekend presteer.

Ons toppresterders uit 151 matrieks:

VAN	NAAM	GEM
Venter	Theunis	92.14
Potgieter	Nika	91.00
Du Plessis	Annamaré	89.71
Emmerich	Anli	83.14
Myburgh	Richelle	83.00
Marais	Johané	82.86
Nortier	Malan	82.14
Herholdt	Lynne	81.00
Kritzinger	Caralize	80.57
Retief	Danielle	80.43
Huggett	Esti	80.29
Fryer	Denieke	80.00
Van den Heever	Sarel	79.29
Byleveld	Janka	79.14
Visser	Hanco	78.29
Delpont	Roux	77.71
Kuyler	Luzandri	77.29
Botha	Carmé	76.86
Hendricks	Layla	76.86
Stover	Christiaan	76.86
Nortier	Lindsay	76.71
Van der Merwe	Janus	76.43

- 12 behaal 'n gemiddelde A-simbool
- 37 behaal 'n B-simbool
- 42 behaal 'n C-simbool
- 35 behaal 'n D-simbool
- 3 kandidate behaal 7 A-simbole
- Slaagpersentasie van 100%
- Graadgemiddeld van 63.7 %

7.2 VAKKEUSE

Leerareas aangebied in graad 8 en 9

Afrikaans Huistaal

Engels Huistaal of Engels Eerste Addisionele Taal

Lewensoriëntering

Wiskunde

Sosiale Wetenskappe (Geskiedenis en Aardrykskunde)

Natuurwetenskappe (Wetenskap en Biologie)

Ekonomiese Bestuurswetenskappe

Tegnologie (insluitend Tegniese Tekene)

Skeppende Kunste

Vakke aangebied in VOO-band (gr. 10 tot 12)

Leerders moet kies tussen die algemene en die tegniese studierigting. By elke rigting moet hul EEN vak uit elke groep kies. Waar daar nie 'n keuse gegee word nie, is die vak in die groep verpligtend.

ALGEMENE STUDIERIGTING

1	Afrikaans Huistaal
2	Engels Huistaal
	Engels Eerste Addisionele Taal
3	Lewensoriëntering
4	Wiskunde
	Wiskundige Geletterdheid
5	Fisiese Wetenskappe
	Besigheidstudies
	Toerisme
	Ontwerp
6	Rekeningkunde
	Rekenaartoepassingstegnologie
	Landbouwetenskappe
	Gasvryheidstudies
7	Ingenieursgrafika en Ontwerp
	Geografie
	Lewenswetenskappe
	Rekenaartoepassingstegnologie
	Inligtingstegnologie

TEGNIесе STUDIERIGTING

1	Afrikaans Huistaal
2	Engels Huistaal
	Engels Eerste Addisionele Taal
3	Lewensoriëntering
4	Wiskunde
	Tegniese Wiskunde
5	Fisiese Wetenskappe
	Tegniese Wetenskappe
6	Meganiese Tegnologie: Pas en Masjinerie
	Siviele Tegnologie: Houtbewerking
	Elektriese Tegnologie: Elektriesienswerk
7	Ingenieursgrafika en Ontwerp

7.3 OLIMPIADES

WISKUNDE OLIMPIADE SA OLD MUTUAL

60 leerders neem deel aan die eerste rondte waarvan 'n totaal van 12 deurdring na rondte 2.

AFRIKAANS OLIMPIADE

Ses leerders het vanjaar die Senior Afrikaans-olimpiade geskryf.

Alethea Taylor het die mooi prestasie behaal om provinsiaal onder die top tien en nasionaal onder die top 100 te eindig.

REKENAAROLIMPIADE

Ons het hierdie jaar deelgeneem aan:

TALENT SEARCH:

43 leerders het deelgeneem en die volgende uitslae is behaal:

1x Goudsertifikate: Top 7% in SA

10 x Silwersertifikate: Top 21% in SA

17 x Bronssertifikate: Top 50% in SA

7.4 ENGELSE TOER

Ongelukkig kon die Engels Huistaal-toer nie hierdie jaar plaasvind nie weens die oorveueling van datums met Big Brag en Interskole. Ons hoop om weer volgende jaar met hierdie jaarlikse toer voort te gaan.

7.5 VAARDIGHEIDSKOMPETISIE

Wes-Kaapse Provinsiale Vaardigheidskompetisie

Langenhoven Gimnasium neem reeds vir die afgelope **ses jaar** met trots deel aan die **Wes-Kaapse Provinsiale Vaardigheidskompetisie**. Hierdie prestige kompetisie bied aan leerders van skole regoor die provinsie die geleentheid om hul tegniese kennis, praktiese vaardighede en vakmanskap teen dié van ander talentvolle jong tegnici te meet.

Langenhoven Gimnasium het vanjaar aan die volgende tegniese dissiplines deelgeneem:

- **Siviele Tegnologie:** Houtbewerking
- **Meganiese Tegnologie:** Pas en Masjinerie; Sweis en Metaalwerk
- **Elektriese Tegnologie:** Kragstelsels
- **Ingenieursgrafika en Ontwerp (IGO)**
- **Ontwerp**

Ons leerders het uitstekend op **provinsiale vlak** presteer en die volgende podiumplekke behaal:

- **Divan Botha** – 2de plek in **Kragstelsels**
- **Hennie Calitz** – 3de plek in **Sweis en Metaalwerk**
- **Erich Malan** – **Provinsiale wenner** in **Pas en Masjinerie**

Op grond van hul uitstekende prestasies het **Erich Malan en Divan Botha** gekwalifiseer om Langenhoven Gimnasium én die Wes-Kaap op **nasionale vlak in Johannesburg** te verteenwoordig. Hier het hulle teen deelnemers uit **agtt ander provinsies**, met altesaam **265 mededingers**, meegeding.

'n Besondere hoogtepunt was **Erich Malan** se uitsonderlike prestasie om 'n **2de plek nasionaal in Pas en Masjinerie** te verwerf. Hierdie prestasie getuig nie alleen van Erich se talent, harde werk en toewyding nie, maar bevestig ook die hoë standaard van tegniese onderrig wat by Langenhoven Gimnasium gehandhaaf word.

Ons is besonder trots op al ons deelnemers en hul onderwysers wat deur hul harde werk, voorbereiding en toewyding die skool se naam op **provinsiale én nasionale vlak** hoog gehou het.

Baie geluk aan elke leerder en personeellid wat tot hierdie besondere prestasies bygedra het.

8. BUITE-KURRIKULÊRE AKTIWITEITE: KULTUUR

'n Groot aantal van ons leerlinge neem aktief deel aan die wye verskeidenheid sport- en kultuuraktiwiteite wat deur die skool aangebied word. Hierdie deelname dra nie net by tot hul persoonlike ontwikkeling nie, maar versterk ook die gevoel van trots en samehorigheid binne ons skoolgemeenskap. Baie van ons leerders neem boonop ook buite skoolverband deel en verteenwoordig die skool op verskeie terreine. Ons is opreg trots op elke prestasie en dankbaar vir die harde werk, dissipline en entoesiasme van al ons deelnemers.

8.1 TONEEL

Vanjaar se toneelstuk getiteld *Platform 0*, geskryf deur Suné Roeloffze, was 'n verkenning van die absurde.

Hier volg die sinopsis: Agt vreemdelinge wag op Platform 0 vir 'n trein wat lyk of dit nooit gaan arriveer nie. Soos wagtyd rek en die grense tussen werklikheid, hoop en gewoonte begin vervaag, word elke karakter gedwing om hul eie vrese, drome en verwagtinge in die gesig te staar. Met humor, absurdisme en skerp menslike waarneming, ondersoek *Platform 0* temas soos verandering, eensaamheid en die soeke na betekenis in 'n wêreld waar almal onderweg is, maar niemand werklik vertrek nie.

Die rolverdeling was as volg:

OU MAN:	Blake Januarie
PENDELAAR/SAKEMAN:	Janco Joubert
VROU MET DIE TAS:	Elmé Kalp
JONGVROU:	Meagan Combrinck
VROU MET ROOI SERP:	Kara Janse van Rensburg
SKOOLSEUN:	DF Crafford
STIL VROU:	Dina-Marie Brand
KONDUKTEUR:	Petrus Burger

Hierdie stuk is by drie geleenthede opgevoer: eers op 29 Julie by die Fraserburg Logan Toneelfees, waar die teks Goud ontvang het en aangewys is as die beste nuutgeskrewe teks van die fees. Die ensemble het Silwer verower en Blake Januarie en Janco Joubert het bronstoekenings ontvang.

Die tweede geleentheid was by Montagu Jeugkunstefees op 7 Augustus. Hier het die ensemble Brons en Janco Joubert Goud ontvang.

Laastens het Langenhoven Gimnasium en Laerskool Wesbank saamgespan om 'n toneelaand vir die Oudtshoorn-gemeenskap aan te bied. Hier het beide skole se toneelgroepe 'n gehoor van 352 lede vermaak in, afsonderlik, absurde en realistiese wêreld.

8.2 GIM SKRYFKRING

Twee van Gim Skryfkring se lede (Ann-Margaret de Kock en René Viljoen) het vir Poort se skryfkompetisie ingeskryf. René se teks is in die Poort-bundel opgeneem.

INK Dig- en Skryfkompetisie het ook weer vrugte afgewerp in die vorm van nege leerders wie se tekste in die bloemlesings *Inkspraak 6* gepubliseer word. Hulle sluit in: Aneleh du Toit, Ann-Margaret de Kock, René Viljoen, Alethea Taylor, Alida Loots, Milana van der Berg, Annie Malan en Emelia van Wyk. Twee van hierdie leerders (René Viljoen en Alida Loots) is dan ook op die kortlys as moontlike pryswenner. Hierdie inligting word eers op 14 November tydens die gala-aand bekendgestel.

8.3 REDENAARS

Vyf van ons leerders (Ilze Stegmann, Charlu Erasmus, Jac Dannhauser, Matthew Jaer en Mieke Pretorius) het op 9 Mei by Glenwood House in George aan die eerste rondte van die ATKV Redenaarskompetisie deelgeneem. Hoewel niemand na die volgende rondte deurgedring het nie, het hierdie leerders hul goed van hul taak gekwyd.

8.4 SKOOLKOERANT

Die redaksie van 2026 het 22 lede, gehad met Sadie Fenthum wat gedien het as redakteur en Anke van Rensburg en Bella-Mae Strydom as sub-redakteurs.

Die span het baie hard gewerk en vier uitgawes van *Die Brul* gepubliseer. Hulle het ook 'n valentynskoerant die lig laat sien. Weereens is eindprodukte van hoë gehalte gelewer.

8.5 KRUISPAD

By Kruispad fokus ons op elke leerder se groei in sy of haar persoonlike verhouding met Jesus Christus. Woensdagaande woon gemiddeld 100-120 Gimmies die Kruispadbyeenkomste by. Twee oud-Gimmies, André en Nadia Nel, is hart en siel betrokke by die byeenkomste wat bestaan uit 'n boodskap uit die Bybel, kleingroepbesprekings, getuienisse, lofsang en aanbidding, asook genoeg pret en speletjies. 'n Knap klankspan lewer ook 'n onmisbare bydrae tot die sukses van die byeenkomste.

'n Groep leerderleiers woon Maandae die groeigroep by en bid Woensdagaande voor die byeenkomste saam. Op Saterdag 21 Februarie het ongeveer 70 leerders 'n jeugdag wat by die skool aangebied is bygewoon. Ons het die wonderlike voorreg gehad om die naweek van 21 – 23 Augustus ons jaarlikse kamp by Heroldsbaai jeugoord te hou.

Dit was 'n onvergeetlike naweek vol lag en samesyn waar vriendskappe gebou is. Die leerders het veral die stiltetyd en vryetyd by die see vreeslik geniet.

Kruispad is vir baie leerders die hoogtepunt van die week en ons is diep dankbaar vir die geleentheid om ons leerders ook geestelik toe te rus, asook vir die leerders se entoesiastiese betrokkenheid. Dit is vir ons belangrik dat ouers vir Kruispad bid en ook hul kinders se geestelike groei ondersteun.

8.6 DEBAT

Praatsaam - 2 spanne neem deel aan HS Outeniqua se Onvoorbereide Debat, Praatsaam. Jean Joubert, Anke Matthee en Mieke Erasmus dring deur na die finale rondte.

ATKV Debat - Langenhoven Gimnasium het 5 spanne ingeskryf. Sarah Saayman, Charlu Erasmus en Damon Viviers, asook Juhan Olivier en Leila Miles wen hulle eerste rondtes.

Dink of Sink - Jean Joubert, Anke Matthee en Mieke Erasmus neem deel aan Dink of Sink, AfriForum se Onvoorbereide Debat. Hulle wen al drie debatte en dring deur na die finale rondte.

Interskole - Hierdie geleentheid het op Vrydag 14 Augustus 2026 by Hoërskool Punt plaasgevind. Daar was een rondte elk, met een juniorspan en een seniorspan. Ons kan met trots sê dat ons seniorspan (Jean Joubert, Imke Mulder en Mieke Erasmus) met die trofee weggestap het. Die juniorspan (Sarah Saayman, Charlu Erasmus en Damon Viviers) het slegs met een punt verloor en steeds baie goed gedoen. Ons sien uit daarna om met hierdie tradisie voort te gaan.

8.7 SKOOLKOOR

2026 was 'n uitsonderlike jaar vir ons Gimmie koor waar ons baie mylpale behaal het. Die hooffokus van hierdie jaar was stemontwikkeling, klankkwaliteit en die groei van 'n unieke kooridentiteit.

Tydens die koorkamp oor Valentynsnaweek, het ons die jaar se repertorium aangeleer. Van Maart tot Julie is daar hoofsaaklik gefokus op afronding en uitvoering.

13 tot 15 Maart woon Retha van Zyl die Choral Celebration Network Foundation se dirigente opleidingsnaweek in Kaapstad by. Hier is verskeie onderwerpe soos tegniek, stemontwikkeling, repertorium, besigheidsaspekte van kore, ensovoorts aangespreek.

Vanaf Februarie tot einde Maart was daar verskeie werksinkels deur KKNK in voorbereiding van die Kunstefees se openingskonsert waaraan ons deelgeneem het. Die Gim koor tree op saam met Coenie de Villiers en Danie du Toit (Spoegwolf), asook ander kunstenaars en massakore.

Op 7 Augustus het ons die heel eerste *Saamgestem* aandoen met Hoërskool Hugenote gehou. Dit was 'n voortreflike konsert, gevolg deur 'n ete en impromptu sokkie.

19 Augustus was die South Cape Arts Festival Eisteddfodd, aangebied deur George Foundation of the Arts. Hier het die Gim koor 95% behaal en is ons genooi om by die Gala-konsert op te tree.

Op 27 Augustus tree die koor op by die jaarlikse Oudtshoorn Skole Koorfees, aangebied deur Laerskool Wesbank. Ons sing saam met Van Reede kamerkoor, Ad Astra koor van Hoërskool Oudtshoorn en Fezekile Sekondêre skoolkoor. Hier het die Gimmies 'n uitstekende konsertprogram aangebied.

Die Gala-konsert van SCAF vind op Saterdag 5 September plaas waar Gimmies weer opgetree en tydens die prysuitdeling aangewys is as wenner van die Vokale Ensemble kategorie Seniorfase.

Op 21 Oktober besoek die Essen Domsingknaben Oudtshoorn waar die 2 kore 'n eksklusiewe konsert in die katedraal aanbied. Daar was ook die middag 'n verbroederingsfunksie waar die twee kore kulturele bande gesmee het.

Op 14 November bied die Gim koor die Karoo Kersliedjie-aand aan met 'n Kersmark en verskeie kore en gaskunstenaars.

Hierdie jaar het die koorlede die volgende waardevolle eienskappe ontwikkel:

- Selfdissipline t.o.v. skoolwerk, sport en koorverpligtinge. Koorkinders het geleer om goeie kommunikasie met die dirigent te ontwikkel t.o.v. akademiese verpligtinge, sport en getroue bywoning van oefeninge.
- Verantwoordelikheid teenoor die koorspan. Koorlede het besef dat alhoewel ons baie is, ons elkeen van die persoon langs hom afhanklik is om goeie klank te kan vervaardig. Elke lid is belangrik in die koor.

Die koorlede verstaan die fisiese uitdagings van koorsang. Koorsang vereis diep diafragmatiese asembeheer, presiese postuurbelyning en konstante vokaalaanpassing om met ander in klank te versoen, terwyl dit emosioneel diepgaande sosiale verbinding en stresverligting bevorder.

9. BUIITE-KURRIKULÊRE AKTIWITEITE: SPORT

9.1 RUGBY:

Dit was vir ons as onderwysers, leerders en ook ouers baie lekker om in 2026 weer 'n volledige rugbyseisoen te hê.

Die o.14-, o.15- en o.16-spanne het aan 'n toernooi by Paarl Gimnasium deelgeneem. Hierdie toernooi het ons spanne goed ontwikkel vir 'n opwindende rugbyseisoen. Die eerste rugbyspan het aan die jaarlikse Oakdale rugbyweek deelgeneem.

Al ons spanne het vanjaar 'n baie goeie seisoen gehad. Ons het vanjaar ook 'n vol seisoen gehad met die o.14B- o.15B- en o.16B rugbyspanne.

Dillon Michaels is gekies vir die onder 16 SWD Grant Khomo span. Baie geluk aan hom. Ons wil graag alle borge, donateurs, afrigters en onderwysers bedank vir hulle toegewydheid en bydraes tydens die 2026-seisoen. Dankie aan alle spelers vir hul bydrae tot 'n mooi en suksesvolle rugbyseisoen.

9.2 HOKKIE (dogters)

Al drie ons A-spanne asook ons tweede dogterspan het hierdie jaar hokkietoernooie tydens die Maartvakansie bygewoon ter voorbereiding vir die seisoen.

Die o.14A-span het hierdie jaar aan die SALT-toernooi in die Kaap deelgeneem.

Die o.16A-span het aan die CO-ED-toernooi in die Kaap deelgeneem waar daar strawwe kompetisie was om ons voor te berei vir die komende seisoen. Die tweede span het aan die Arthur Johnson toernooi in Mosselbaai deelgeneem en baie goeie ondervinding opgedoen. Ons eerste span het vir die derde keer aan die Belgotex-toernooi in die Kaap deelgeneem, waarheen slegs topskole uitgenooi word. Hierdie was beslis 'n wonderlike leerskool en die spelers het baie goeie ervaring opgedoen.

Die eerste dogters span het hulle goed van hulle taak gekwyt en baie gegroei as span. Hulle het hierdie jaar derde in die Eden-liga geëindig.

Die tweede dogters span het 'n goeie seisoen agter die rug en het die meeste van hulle ligawedstryde gewen.

Die o.16A-dogters het baie goed gevaar en toon belowende talent. Die hoogtepunt was toe hulle tydens Interskole gelykop gespeel het teen Punt wat die topspan in die liga was.

Die o.16B-span, wat meestal uit beginners bestaan, het ook goed gevaar en het mooi ontwikkel. Hulle het tweede in die Eden-liga geëindig. Baie geluk aan elkeen.

Die o.14A-dogters het 'n baie goeie seisoen gehad en meeste van hulle wedstryde gewen. Hulle eindig tweede in die liga. Ons is baie opgewonde om te sien hoe die spelers verder gaan ontwikkel.

Die o.14B-dogters, wat ook meestal beginners is, het die seisoen baie goed gevaar en al hulle ligawedstryde gewen.

Ons het hierdie jaar ook 'n baie suksesvolle toernooi vir eerstespanne in samewerking met ons hoofborg, KKS, aangebied. Daar het spanne van regoor die Kaap-omgewing deelgeneem en dit was beslis 'n hoogtepunt op ons sportkalender.

Baie geluk aan die volgende spelers wat gedurende die Julie vakansie EDEN- spanne verteenwoordig het.

o.18 A Suanne Steyn (o/kaptein)

Cherné Brink

o.18 B Mialése Westenraad

Dunay Jonck

Alicia Titus

o.14 A Emma Kennedy

Ons wil graag vir alle afrigters en buite-afrigters dankie sê vir hulle groot aandeel in hierdie jaar se sukses op die hokkieveld. Al julle tyd en moeite word opreg waardeer.

Dankie ook aan al die borge vir hulle finansiële ondersteuning en hulp deur die jaar. Ons kan beslis goeie vordering in die spel sien as gevolg van blootstelling op ons eie sintetiese baan en ons is opgewonde oor die nuwe seisoen wat voorlê.

9.3 HOKKIE (seuns)

Die seunshokkiespanne het in 2026 baie goed presteer. Daar is goeie vordering gemaak met die kwaliteit spel en daarom kon ons spanne ook teen gedugte kompetisie baie goed meeding. Die resultate is 'n weerspieëling van die harde werk en talent van ons seuns.

Die o.18A-span het die seisoen afgeskop met 'n toer na Kaapstad waar hulle aan die Belgotex Easter Festival deelgeneem het. Gedurende die liga-wedstryde het die seuns uitstekende hokkie gespeel. Gedurende die seisoen is 22 wedstryde gespeel - 17 gewen,

2 gelykop en slegs 3 verloor. Beide die o.14A- en o.16A- het hulle seisoene afgeskop met toere na Kaapstad. Die seunshokkiespanne het goeie vertonings gelever en waardevolle ondervinding deur die seisoen opgedoen. Die toekoms van ons seunshokkie lyk blink en spelergetalle groei jaarliks. Ons het hierdie jaar konstant vyf seunshokkiespanne in die veld kon stuur. Baie dankie aan al die afrigters wat harde werk insit om die leerders af te rig en te motiveer om te speel.

Baie geluk aan die volgende spelers wat in 2026 Eden-kleure verwerf het.

Eden o.18A Jovandré Pietersen

Eden o.18B Albert Jacobs

Dian Potgieter

Eden o.16B Krige Theron

Eden o.14B Joshua Jansen van Rensburg

Wilgeno Freeks

Baie dankie aan ons borge vir julle finansiële bydrae. Dit word opreg waardeer.

9.4 NETBAL

Ons kon hierdie jaar weer met 14 netbalspanne en genoeg afrigters spog. Die meeste spanne het baie geleenthede vir wedstryde gehad.

Die o.18A- en o.16A-span het aan Hoër Meisieskool se toernooi in die Paarl deelgeneem. Hulle het goeie blootstelling gekry deurdat hulle teen baie goeie spanne gespeel het.

Twee weke later het die o.15A- en o.14A-span aan HTS Drostyd se toernooi in Worcester deelgeneem. Dit was ook baie waardevolle voorbereiding vir die seisoen.

Al vier A-spanne het ook weer aan Eden Topskole deelgeneem.

Baie van ons spelers het aan verskeie proewe deelgeneem. Twee spelers het Wes-Kaapkleure gekry en ses spelers het aan die Interdistrikte-toernooi deelgeneem.

Baie dankie aan al die afrigters en borge vir julle ondersteuning aan die skool.

9.5 CHEERLEADING

Die skool se "cheer squad" het vir die vierde jaar tydens interskole opgetree. Hulle het ook tydens 'n aantal tuiswedstryde opgetree. Hierdie jaar het hulle vir die tweede jaar aan die SWD cheerkompetisie deelgeneem en baie goed presteer. 6 meisies het SWD-kleure ontvang vir Performance Cheer. 2 meisies (Zoë Binedell en Lené de Kock) het aan die Nasionale Kampioenskappe in Gauteng deelgeneem waar hulle goud ontvang het in die hoërskole-kategorie, sowel as die provinsiale kategorie.

9.6 ATLETIEK 2026

Tydens die atletiekseisoen het Gim se atlete besonders goed vertoon en ons is op verskeie vlakke verteenwoordig. Selfs in Suid-Afrika se skole span en ook vir ASA teen internasionale kompetisie.

Na afloop van die LOOP-byeenkoms moes die atlete aan die Oudtshoorn streeksbyeenkoms deel neem om verder te kwalifiseer om aan die Wes-Kaap en ASA- byeenkomste deel te kon neem.

Atlete wat onderskeidelik in die Wes-Kaap span ingesluit is om aan die interprovinsiale toernooi, asook ASA en SA-kampioenskappe deel te neem, is:

Iza Lourens	Buhle Quinela
Suzaan vd Westhuizen	Daniel Laufs
Linke Radyn	Stiaan v Wyk
Lika Hugo	Liaan Verwey
Amy Whitham	Alexander vd Westhuizen
Lika Schoeman	CJ-Lee Jaftha
Marloze de Jongh	Equin Josephs
Mari Pretorius	Ezekiel Solomons
Ane Bester	Zanri Engelbrecht
Alida Geldenhuys	
Ayden Meyer	

Equin Josephs het besonders goed presteer en was onderskeidelik 2de en 3de op die ASA en SA skolebyeenkoms. Verder is hy ingesluit in die SA skolespan wat aan 'n internasionale toernooi deelgeneem het, waar hy 'n 1ste plek in hoogspring seuns onder 18 gekry het. Hy is ook gekies vir die ASA juniorspan wat later die jaar ook aan 'n internasionale toernooi gaan deelneem. Baie geluk, Equin. Ons is baie trots op jou.

Baie dankie aan elke atleet en afrigter wat deur die hele seisoen hard gewerk het om so mooi te presteer.

Landloop 2026

SWD-kampioenskappe (George)

- Iza Lourens - 3de D/14
- Sarah Saayman – 2de D/15
- Caitlyn Cawood – 1ste D/17
- Amy Whittam – 3de D/17
- CJ Jaftha – 2de S/17
- Ane Bester – 1ste D/19

SWD-span na ASA (Suid Afrikaanse kampioenskappe (Pretoria)) – 5 September 2026

- Sarah Saayman D/15
- Caitlyn Cawood D/17
- Amy Whittam D/17
- CJ Jaftha S/17
- Alexander van der Weshuizen S/17

- Caitlyn Cawood behaal 'n 12de plek

Edenspan na Wes-Kaapkampioenskappe (Riversdal) 12 Sept 2026

- Iza Lourens D/14
- Sarah Saayman D/15
- Caitlyn Cawood D/17
- Amy Whittam D/17
- Ane Bester D/19
- CJ Jaftha S/17
- Tommie Olivier S/17
- Caitlin Cawood behaal 'n 2de plek – en Vorm deel van die Wes-Kaap skole span na die SA kampioenskappe in Gauteng.
- Daar behaal sy 'n 6de plek in die dogters onder 17 afdeling en verower 'n silwermedalje.

Tweekamp 2026

Die Tweekamprogram bied vir leerders die geleentheid om hul fisiese fiksheid, uithouvermoë en dissipline te ontwikkel deur deelname aan hardloop- en swemkomponente. Die afgelope seisoen was gekenmerk deur toegewyde deelname en merkbare prestasieverbeterings deur ons leerders.

Die volgende atlete was deel van die Eden Tweekampspan wat aan die SA kampioenskappe in Oudtshoorn deelgeneem het:

- Hennie Calitz
- Iané Joubert
- Christiaan van Biljon
- Lisa Oosthuizen en Ewann Botha het vir die Edenspan aan die Highgate Interprovinsiale byeenkoms deelgeneem.
- Jacobus Smit en Duncan Meyer het aan al die ligas deelgeneem.

9.7 KRIEKET

Die 2025/2026-krieketseisoen het vir ons spanne besondere uitdagings gebied, maar ook talle opwindende hoogtepunte en prestasies opgelewer. Die o.19A-span het uitstekend gevaar en die liga in die derde plek afgesluit. Die o.19B-span het ook 'n besonder sterk seisoen beleef en het die liga met slegs vyf punte verloor om uiteindelik tweede te eindig. Die o.15A-span het ook 'n uitstekende seisoen gehad en het die liga met slegs drie punte verloor, wat hulle 'n welverdiende tweede plek besorg het. Hierdie uitslae beklemtoon hoe mededingend die kompetisie vanjaar was en hoe goed ons spanne op 'n hoë vlak meeding het.

Een van die besonderse prestasies van die seisoen was die o.15B-span se oorwinning in die o.15-promosieliga. Met hierdie prestasie het die span nie net die liga gewen nie, maar ook promosie na die Superliga behaal. Dit beteken dat die o.15B-span in die 2026/2027-seisoen saam met die o.15A-span in die Superliga sal meeding – 'n uitstekende prestasie en 'n belangrike mylpaal vir ons krieketprogram.

Die skool beskik ook oor 'n aantal talentvolle jong spelers wat tans in die finale rondte van die proewe vir die o.19-, o.16- en o.15-spanne meeding. Dit is 'n positiewe aanduiding van die diepte en ontwikkeling van krietertalent binne die skool.

Die sukses van die 2025/2026-seisoen beklemtoon die harde werk, toewyding en deursettingsvermoë van ons spelers en afrigters. Dit dui terselfdertyd op 'n belowende toekoms vir krieket by ons skool. Die seisoen het nie slegs goeie wedstrydresultate opgelewer nie, maar het ook aan ons jong spelers waardevolle geleenthede gebied om ervaring op 'n hoë vlak op te doen, hul vaardighede verder te ontwikkel en as krieterspeler te groei.

9.8 SKAAK

Vier leerders is opgeneem in die Oudtshoornspan. Jack Stander verteenwoordig die Edenspan by die Weskaapproewe.

9.9 SWEM

Swem is 'n sport wat aanhoudend by Langenhoven Gimnasium groei, met al hoe meer leerders wat deelneem. Die toewyding en entoesiasme van ons swemmers dra by tot toenemende belangstelling in die sport, waar klem gelê word op algemene fisiesheid en ontwikkelingswem.

9.10 TENNIS

Tennis het weer die afgelope seisoen baie goed gegaan. Die eerste vyf seuns en eerste vyf dogters het aan die Bredasdorp dubbelstoernooi deelgeneem. Dit was 'n heerlike ervaring. Ons dogters- en seunspan het aan die skoleliga deelgeneem en die dogters wen die liga. Ons is baie trots op Tameré Stewart wat vir die tweede jaar die SA-skolespan in Londen verteenwoordig het. Sy verteenwoordig ook Eden in haar ouderdomsgroep. Heike Swart, Nikita Stander en Franco van Rensburg word ook ingesluit in die Edenspan.

9.11 GHOLF

Die gholfseisoen het vanjaar goed verloop en die spelers het waardevolle wedstrydervaring opgedoen. As deel van die liga het ons die geleentheid gehad om op verskeie banne te speel, waaronder Mosselbaai, George en Fancourt. Hierdie wedstryde het die spelers die geleentheid gegee om hul vaardighede te toets en verder te ontwikkel.

Ons sien veral uit na die ontwikkeling van ons spelers met die nuwe gholfnet wat by die skool opgerig is. Dit bied aan die spelers 'n uitstekende geleentheid om gereeld te oefen en hul tegniek te verbeter.

Ons is opgewonde oor die toekoms van gholf by die skool en glo dat die nuwe fasiliteite 'n belangrike rol sal speel in die verdere groei en ontwikkeling van ons spelers.

10. NOODHULP

Daar is in die eerste kwartaal 'n vlak 1-noodhulpkursus deur mnr. Buks Gouws van Klein Karoo Medics aangebied. 'n Totaal van 23 noodhelpers is opgelei, waarvan 4 vlak 2 en 2 vlak 3 behaal het. Die kursus het uit 'n teorie-deel asook 'n praktiese komponent bestaan en daarna die skryf van 'n vraestel. Al die kursusgangers was suksesvol en het 'n sertifikaat ontvang.

11. BLOEDSKENK

'n Totaal van 156 Gimmies het in die eerste drie kwartale van die jaar bloed geskenk.

12. BIBLIOTEEK

Die vestiging van 'n leeskuultuur in die skool bly 'n prioriteit. Tydens skoolure is daar biblioteekprefekte aan diens sodat leerders boeke kan uitneem of in die biblioteek kan sit en lees. Die prefekte staan onder leiding van me. Janse van Rensburg en 'n span baie knap bestuurslede. Na skoolure is me. Pepper in die biblioteek beskikbaar om leerders te help wat navorsing vir skooltake doen.

13. GIMMIE KLEREKAS

Van 2025 verskaf GIM self die klere van ons skool aan ons ouers deur die middelman uit te skakel. Die *Gimmie Klerekas* is Maandae en Donderdae pouses asook na skool oop. Dit word deur me. Anene Janse van Rensburg hanteer.

14. REKENAARLOKAAL

Hierdie lokaal is toegerus met genoegsame rekenaars sowel as internettoegang wat deur die leerders gebruik kan word vir navorsing én die voltooiing van take. Dit is elke Maandag- tot Woensdagmiddag beskikbaar en leerders kan hul take teen minimale koste laat druk.

Ons bied in die rekenaarlokaal ook die welbekende Cami-Wiskunde en tale-programme vir ons gr.8-12-leerders aan. Ons wil graag ons leerders aanmoedig om gebruik te maak van hierdie programme as aanvullende voorbereiding vir die komende eksamen. Neem kennis dat die gebruik van hierdie programme gratis is.

15. GRAAD 8-ORIËTERINGSPROGRAM

Die oriëntering van die graad 8-leerders het in die eerste week van die jaar plaasgevind. Hulle is vertrouwd gemaak met die skoollied, skoolreëls en Gimmie-tradisies, maar het ook voorberei vir die Welpie-konsert. Die Saterdag het hulle aan verskillende speletjies en aktiwiteite deelgeneem om mekaar beter te leer ken. Die pottekonsert is die Maandag na die kamp gehou.

16. MATRIEKAFSKEID

Dit was hierdie jaar weer die matrieks se voorreg om die spoggeleentheid te kon bywoon wat op 22 September by Makietie aangebied is. Elke matriekleerder het baie deftig en stylvol gelyk. Die matrieks het die aand ten volle geniet in 'n sprokiesmooi saal, met heerlike kos, baie foto's en lekker musiek. Ons wil net weereens die gr.11-leerders en hul ouers bedank vir hul bydrae tot die sukses van hierdie geleentheid.

17. MNR. & MEJ. GIM

Mnr. & Mej. Gim het op 14 Mei in die skoolsaal plaasgevind en was 'n onvergeetlike aand gevul met glans, talent en die energieke gees van Rio. Die tema, *'n Aand in Rio*, het die aand met kleur, musiek en styl gevul.

Die aand is gelei deur Jaco Theron en Anke Matthee, twee graad 12-leerders wat as seremoniemeesters opgetree het. Die program is verder verryk met verskeie vermaaklikheidsitems, opgevoer deur lede van die personeel, asook verrassings wat die gehoor deurgaans vermaak en die aand nog meer besonders gemaak het.

Aan die einde van die aand is die nuwe Mnr. en Mej. Gim gekroon – waardige ambassadeurs van ons skool wat met trots, styl en selfvertroue hierdie besondere titels sal dra.

Wenners:

Mnr. Gim: William Deck

Mej. Gim: Imke Mulder

1ste Prins: Jean Joubert

1ste Prinses: Yana Fouchee

2de Prins: Kevin Kennedy

2de Prinses: Lana Delport

Mnr. Fotogenies: Kevin Kennedy

Mej. Fotogenies: Mari Pretorius

Mnr. Persoonlikheid: Jean Joubert

Mej. Persoonlikheid: Lana-Maré Hayes

Mnr. Debutant: William Deck

“Most Liked”: Lana Delport

18. OUER-ONDERWYSERSVERENIGING

'n Groot dankie aan die gedugte bestuurspan van die OOV vir goeie bestuur en harde werk naweek na naweek. Dankie ook aan so baie ouers wat gereeld hulle kant bring by die sportgeleenthede. Die skool is afhanklik van julle en daarom waardeer ons julle.

19. DISSIPLINE

Langenhoven Gimnasium is meer as net 'n plek waar leerders kennis en vaardighede opdoen. Ons is 'n verlengstuk van die ouerhuis, waar ons saam met ouers voortbou op die waardes, beginsels en lewenslesse wat reeds tuis gevestig word. Die suksesvolle ontwikkeling van ons leerders berus grootliks op die eenheid tussen die waardes wat by die huis geleef word en die standaard wat ons by die skool handhaaf. Dissipline is die fondament waarop karakter, verantwoordelikheid en toekomstige sukses gebou word. Daarom is dit van kardinale belang dat ons as skool en ouers saamstaan in die handhawing van duidelike grense, wedersydse respek en aanvaarbare gedrag. Die gedragsverwagtinge wat aan die begin van die jaar met elke leerder gedeel en onderteken word, is nie bloot reëls op papier nie, maar vorm deel van ons gesamentlike verbintenis om leerders toe te rus vir die uitdagings en verantwoordelikhede van die lewe.

Ons besef dat die handhawing van dissipline soms uitdagend kan wees, maar wanneer ouers en die skool mekaar ondersteun, konsekwent optree en dieselfde boodskap aan ons leerders oordra, skep ons 'n veilige, gestruktureerde en positiewe omgewing waarin elke leerder kan groei en floreer.

Ons wil daarom ons opregte dank en waardering uitspreek teenoor al die ouers wat ons dissiplinêre beleid ondersteun, ons personeel se pogings respekteer en saam met ons verantwoordelikheid neem vir die vorming van ons leerders se karakter. Julle samewerking maak dit moontlik om die standaarde en waardes waarvoor Gimmies bekend is, te beskerm en verder uit te bou.

Ons doen 'n beroep op alle ouers om hierdie vennootskap voort te sit. Deur saam te staan, mekaar te vertrou en ons leerders met een doelgerigte stem te begelei, lê ons 'n stewige grondslag vir die volhoubare sukses van Langenhoven Gimnasium.

Saam vorm ons nie net beter leerders nie, maar jongmense met karakter, integriteit en die vermoë om 'n betekenisvolle bydrae tot die samelewing te lewer.

20. SKOOLBESOEKE DEUR OUERS

Ons het 'n suksesvolle ouervergadering na afloop van die Maarttoetsreeks en Junie-eksamen gehad. Ons kommunikasie kon deur middel van vorderingsverslae plaasvind en ouers het steeds die geleentheid om met onderwysers te gesels soos nodig. Die bestuurspan het gesprekke gehad met ons toppresterders en leerlinge wat ondersteuning nodig het, saam met hul ouers.

21. NUUSBRIEWE EN ANDER MIDDELE VAN KOMMUNIKASIE

Ons nuusbriewe bly 'n belangrike kommunikasiekanaal tussen die skool en ons gemeenskap. Ouers en leerlinge lees dit getrou elke week en dit dien as 'n waardevolle bron van inligting oor die uiteenlopende aktiwiteite en prestasies by ons skool. Deur hierdie platform, sowel as ons ander kommunikasiekanale, soos D6, Facebook en Instagram, hou ons ons skoolgemeenskap op hoogte van gebeure en prestasies. Ons waardeer die betrokkenheid en positiewe terugvoer wat ons gereeld van ouers ontvang – dit versterk die gevoel van samehorigheid en trots binne ons skoolfamilie.

22. FINANSIES

Volgens die Suid-Afrikaanse Skolewet dra ouers die verantwoordelikheid vir die betaling van skoolfonds, en hierdie bydraes vorm 'n onontbeerlike deel van die finansiële volhoubaarheid van ons skool. By Langenhoven Gimnasium is dit juis hierdie finansiële ondersteuning wat ons in staat stel om ons hoë onderwysstandaarde te handhaaf, ons fasiliteite te verbeter en die nodige hulpbronne en geleenthede aan ons leerders te bied.

Met 'n omvangryke begroting, wat onder meer 19 addisionele beheerliggaamposte insluit, is die volgehoue en tydigte betaling van skoolfonds van kardinale belang. Dit stel ons in staat om ons personeel te ondersteun, ons terrein en fasiliteite behoorlik te onderhou en seker te maak dat die verskillende akademiese, sport- en kultuurprogramme suksesvol funksioneer. Elke bydrae maak 'n verskil en help ons om seker te maak dat alles wat nodig is om ons skool doeltreffend te laat funksioneer, in plek is.

Aan elke ouer wat hul finansiële verantwoordelikheid nakom en getrou hul skoolfonds betaal, sê ons baie dankie. Ons waardeer julle ondersteuning, vertroue en bereidheid om saam met ons in die toekoms van Langenhoven Gimnasium te belê. Julle bydraes maak dit moontlik om nie bloot te handhaaf wat ons reeds het nie, maar om voortdurend

te groei, te verbeter en aan te pas by die behoeftes van ons leerders en die breër gemeenskap.

Ons doen daarom 'n opregte beroep op alle ouers om voort te gaan om hul skoolfondsverpligtinge getrou en betyds na te kom. Deur elkeen se volgehoue betrokkenheid en finansiële ondersteuning kan ons saam seker maak dat Gimmies se wiele glad draai, dat ons planne verwesenlik word en dat elke leerder die beste moontlike geleenthede ontvang.

Ons spreek ook ons waardering uit teenoor die skoolbeheerliggaam vir die verantwoordelike wyse waarop die skoolfonds en die finansiële behoeftes van die skool bestuur word. Die voorgestelde aanpassing in skoolfonds weerspieël ons gesamentlike verbintenis tot die volhoubare ontwikkeling van Langenhoven Gimnasium en die skep van 'n omgewing waarin elke leerder kan groei, presteer en sy of haar volle potensiaal kan bereik.

Saam, met verantwoordelikheid en toewyding, bou ons aan 'n sterker Gimmie-toekoms.

23. DANKBETUIGINGS

Met groot dankbaarheid erken ons die bydraes van almal wat gedurende die jaar 'n rol gespeel het in die sukses en voortgang van ons skool.

Ons spreek graag ons opregte dank en waardering uit teenoor:

- Ons toegewyde personeelkorps, vir julle onvermoeide ywer, lojaliteit en professionele toewyding. Dankie dat julle elke dag met passie, roepingsbewustheid en Gimmie-trots tot diens van ons leerders en die skoolgemeenskap staan.
- Ons administratiewe personeel, vir julle noukeurigheid, doeltreffendheid en kundigheid waarmee julle verseker dat die administratiewe hart van ons skool voortdurend sterk en georganiseerd klop.
- Ons koshuispersoneel, vir die liefde, omgee en besondere aandag waarmee julle ons koshuisleerders ondersteun. Dankie dat julle vir hulle 'n veilige, warm en huislike tuiste skep, ver weg van hul eie huise.
- Ons terreinbestuurder en sy span, vir julle harde werk en voortdurende toewyding om ons uitgestrekte 20 hektaar terrein te versorg, te onderhou en in stand te hou. Julle werk dra by tot 'n veilige, netjiese en aangename omgewing waarop elke Gimmie trots kan wees.
- Al die personeel wat by die NSS-eksamens betrokke is, vir julle waardevolle ondersteuning, leiding en opoffering gedurende hierdie belangrike fase van ons matriekleerders se skoolloopbaan. Julle betrokkenheid maak 'n betekenisvolle verskil.
- Ons skoolbeheerliggaam, vir julle standvastige ondersteuning, verantwoordelike leiding en volgehoue betrokkenheid by die bestuur en ontwikkeling van ons skool. Dankie dat julle steeds die beste belange van Langenhoven Gimnasium vooropstel.
- Ons ouers en leerders, vir julle samewerking, vertroue en positiewe betrokkenheid by die skool. Dankie dat julle saam met ons werk om ons visie en missie te verwesenlik en ons waardes daaglik uit te leef.

- Ons buurskole, vir die gesonde samewerking, wedersydse respek en goeie verhoudinge wat ons oor die jare heen opgebou het. Saam dra ons by tot 'n sterker onderwysgemeenskap.
- Ons kringbestuurder, vir u waardevolle leiding, beskikbaarheid en ondersteuning aan Langenhoven Gimnasium. U betrokkenheid by ons skool se ontwikkeling en daaglikse uitdagings word opreg waardeer.
- Ons getroue borge en ondersteuners, vir julle volgehoue vertroue, ruimhartigheid en bereidheid om ons skool se drome en doelwitte te help verwesenlik. Dankie dat julle steeds, ook in moeilike tye, aan Gimmies se kant staan.
- Die plaaslike pers, vir julle deurlopende belangstelling in ons skool en vir die professionele en positiewe wyse waarop julle ons leerders se prestasies, hoogtepunte en suksesverhale met die breër gemeenskap deel.
- Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement, vir die leiding, rigting en ondersteuning wat aan ons skool gebied word, asook die geleenthede wat tot die ontwikkeling van ons leerders en personeel bydra.
- Laastens, maar van die allergrootste belang, ons Hemelse Vader. Aan Hom bring ons ons diepste dankbaarheid vir Sy genade, liefde, beskerming en getrouheid deur die jaar. In elke hoogtepunt, uitdaging en oorwinning was Sy hand sigbaar.

Mag ons as Gimmies voortgaan om Hom in alles wat ons doen te eer, te dien en te verheerlik.

C. Snyman
Skoolhoof